

Maandag 22 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 123

Fokusgedeelte: Psalm 123:2

Ons vertrou net op die HERE alleen

Hier is 'n ewig, altyd geldende vertroosting vir alle omstandighede en in alle tye. Dit was algemene praktyk dat mense in die Ou Testament slawe gehad het. In Eksodus 21 en Levitikus 25 word duidelike voorskrifte gegee hoe slawe en hulle gesinne behandel moet word. Daar word onderskeid getref tussen 'n mede-Israeliet en die ander nasies. Die mede-Israeliet moet as slaaf vrygelaat word in die hersteljaar, maar mense van ander nasies word anders behandel. In Levitikus 25:45 en 46 lees ons: "Sulke slawe is julle wettige eiendom wat deur julle aan julle kinders bemaak kan word as besittings en wat lewenslank hulle slawe sal wees." 'n Slaaf is 'n besitting van sy eienaar.

Die hand van die eienaar waarop die oë van die slaaf of slavin gerig is, kan dus leed, pyn, dood of vrylating beteken. Die toekoms van die slaaf is geheel en al afhanklik van die hand van die eienaar. Met die hand kan die eienaar die slaaf slaan, of 'n vrybief gee om die slaaf te laat gaan as vry mens.

Hierdie beeld word nou gebruik om ons verhouding met die HERE uit te beeld. So, net so is ons oë gerig op die HERE onse God. Dit is 'n groot troos, maar dit is nie al nie. Die laaste gedeelte van vers 2 is baie besonders: Daar staan: ons oë is gerig op die HERE "totdat Hy ons genadig is". Ons oë is gerig op die HERE, in Hebreeus op JHWH, ons Verbondsgod – nie uit vrees vir straf nie, maar om uit sy hand genade te ontvang.

Die kinders van die HERE se oë is op Hom gerig tot Hy ons genadig is. In sy verbondsgenade stuur Hy die Middelaar van die verbond, Jesus Christus, om al ons sondes op Hom te neem. Hy red ons van die grootste slawerny waarin 'n mens kan wees, die slawerny van die sonde. Hy red ons uit die mag van Satan en plaas ons genadiglik onder die heerskappy van die Heilige Gees. Wat 'n genade, wat 'n vertroosting, wat 'n verlossing!

Sing: Psalm 123-1:1, 2

Ds. PA Coetzee (Peet) (Emeritus)